

Julie 2011

Dagsê al die belangstellendes in die gekiedenis van ou Pretoria,
Dit was baie lekker om so baie terugvoering op 'n brief te kry. Ek hoop hierdie
maand se brief sal ook so interessant wees.

Jan Pretorius

Baie dankie vir 'n baie interessante Pretoriabrief. Die Afrikaans waarin daar
geen v-letter is nie, maar slegs f-letters voorkom, is "Patriots" genoem n.a.v.
die kêrels wat Di Patriot uitgegee het daar in die Pêrel. (Dit is nou as ek reg
onthou!)

JC Clarence

Net 'n paar van die markpryse soos dit verskyn in die Staatskoerant van 29 Maart
1864. Rynoster-hoorn, 20 Rds per pond; Rozyne 24 Rds per pond; Struiseiren
40 Rds per stuk; Struisveederen, 17700 Rds per pond; Hoenders 52 Rds per
stuk; Osse, 7200 Rds per stuk; Koedoevellen 500 Rds per stuk; Pampoene 12
Rds per stuk. [Rds = Riksdaalders]

1 Riksdaalder was gelykstaande aan 1 sjieling & 6 pennies, m.a.w. 15 sent in
vandag se terme. Dus:

Rynoster-hoorn, 20 Rds per pond = R3.00

Rozyne 24 Rds per pond = R3.60

Struiseiren 40 Rds per stuk = R6.00

Struisveederen 17700 Rds per pond = R2,655.00

Hoenders 52 Rds per stuk = R7.80

Osse, 7200 Rds per stuk = R1,080.00

Koedoevellen 500 Rds per stuk = R75.00

Pampoene 12 Rds per stuk = R1.80

Renosterhoring was sekerlik nie gebruik waaroor die Chinese dit vandag
gebruik nie maar ek glo dit het een of ander medisinale waarde gehad. Kan
vaagweg so iets uit my kinderde onthou maar my oorlede Ma se boererate-
boekie het verdwyn met een van my vele trekke vanuit die Kaap.

Ek kan onthou dat my oupa-grootjie, 'n broer van Gen. Jan Smuts se pa, dagga
gedroog het en met oestyd, wanneer koring op die dorsvloer deur perde getrap
was, daarvan in klein hoeveelhede met hulle voer gemeng het. Dit het glo die
perde se stamina verhoog en hulle het nie so gou moeg geword nie. Ook kan ek
onthou dat my Ma nog in 1958/59 dagga tussen haar stink-afrikaners geplant het.
Die gedroogde blare was dan soos tee getrek op kookwater en gedrink. Dit het
glo gehelp vir rumatiek en sekere maagaandoenings.

Die advertensie van Bartheil se geyser het ook gedagtes laat teruggaan na 1958.
Ons het 'n huis in Wateringstraat, Parow, gekoop en daar was 'n soortgelyke
geyser in die badkamer. Ek merk Bartheil s'n het 2 deurtjies. Ons s'n het net
1 deurtjie heel onder gehad. Daar was 'n los pan, sowat 5 cm hoog, in. Daarin het
ons 'n dik stuk asbestos (opgedraai soos jy wors deesdae in supermarkte koop)
gehad wat jy met spiritus of paraffien deurweek het, aan die brand gesteek het,
en binne 'n paar minute het jy kokende warm water gehad. Dit was nog van egte
koper gemaak, die omhulsel asook die pype binne in. Die nadeel was egter dat
jy net genoeg vuur moes maak vir die hoeveelheid warm water wat jy wil gebruik.
As jy die kraan toedraai en die vuur brand nog het die water verby kookpunt
gegaan en stoom gemaak. Jou pype kon bars aangesien die stelsel nie 'n
drukklep gehad het wat op 'n sekere drukking kon oopmaak om die stoom te laat
ontsnap nie.

Adriaan Swanepoel

Ek was vandaag saan met 'n groepie "ou mense" van ons kerk om na 'n baie mooi, ou huis in Madalenastraat in Roseville, Pretoria te gaan kyk.

Die plek is pragtig gerestoureer en die eienares het die huis en tuin fantasties mooi gemeubileer en versier. Volgens haar het Pres. Paul Kruger soms daar oornag wanneer hy na die noorde van Pretoria gery het. Sy weet nie wie die eerste eienaar was nie maar volgens oorlewering was dit 'n Jood. Daarna het Vermeulens die huis vir baie jare besit. Ek het vir die eienares gesê ek sal by jou uitvind of jy dalk weet aan wie die huis oorspronklik behoort het.

Die dame het ook genoem dat daar 'n ander pragtige ou huis in Felixstraat in Mountainview is waar Pres. Kruger ook glo aangedoen het, maar die eienaars van daardie huis en die "Jood" het blykbaar nie met mekaar gepraat nie. Volgens haar is die huis in Felixstraat se erf intussen onderverdeel en daar is 'n huis reg voor die ou huis gebou, wat maak dat mens nie die huis van die straat af kan sien nie.

Van ou huise gepraat, ek was Vrydag in Silverton vir besigheid en toe het ek weer die ou huis waarin my vrou Susan se oupa-grootjie, Chris Vlok, en sy vrou Maria (Baby) gewoon het nadat hulle van Sunnyside daarheen verhuis het. Die huis op die hoek van Krigestraat en Calvynstraat is nog in 'n redelike toestand van buite gesien, maar het nou 'n hoë muur voor. In Susan se ouers se huis in Nelspruit hang daar 'n skildery van die huis toe dit nog nuut was. Die oorspronklike huis het twee grasdakrondawels gehad en is verbind met 'n tussenstuk. 'n Paar jaar gelede wou Susan en ek na die huis gaan kyk, maar die swart inwoners wou nie dat ons by die hek inkom nie. Ons hoop maar hulle besef die historiese waarde van die huis en laat dit nie te veel verwaarloos nie.

Vriendelike groete, Adriaan Swanepoel

MC Heunis

Ietsie waarmee jou lesers my dalk kan help.

Ek het onlangs 'n Nederlandse M1852 infanterie swaard gekoop met die naam JK Dalebout, Harrismith, OVS op die lem gegraveer. Die verskaffer was "JF Segers en Zoon, Breda". So ver ek kon vasstel het Dalebout se familie in 1882 vanaf Nederland na Harrismith in die Oranje Vrystaat immigrer. Tydens die ABO was Jan Konstant Dalebout 'n Assistant Veldkornet in die Harrismith Kommando en het gesterf op Kersoggend 1901 tydens De Wet se aanval op die Yeomanry-kamp op Groenkop, buite Bethlehem. Generaal Christiaan de Wet noem Dalebout op die naam in sy bekende boek "Drie Jaar Oorlog" ["Die stryd tussen Boer en Brit"] en Dalebout se naam verskyn vandag op 'n monument in Harrismith. Die herkoms van die swaard is egter steeds onbekend aangesien die Vrystaters meestal Duitse swarde ingevoer het. Die offisiere van die vooroorlogse Transvaalse 'volunteerkorpse' [vrywilligerskorpse], soos die Johannesburg en Pretoria Volunteer Corps, het egter die tipe Nederlandse swaard gedra. Het enigiemand dalk verdere inligting wat JK Dalebout met die Transvaal kan verbind? Ek het reeds die NZASM werkers se naamlyste by Zuid-Afrika Huis in Nederland geraadpleeg, maar geen sukses...

Groete, MC

Vandag iets oor Adriaan Jacob Begemann [15 Junie 1831 – 15 November 1925]

(Die onderstaande kom grotendeels uit prof. dr. S.P. Engelbrecht se boek **Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria** [Eng-05].)

Byna agt jaar lank was ds. Van der Hoff die enigste predikant in Transvaal. Die land was sonder paaie, woes en wild. En sy reise met die ossewa om die verskillende gemeentes te besoek en op verskillende plekke kerk te hou, was baie tydrowend. Hy kon Pretoria dan ook net af en toe bereik, en die kerkgebou het die meeste tyd toegestaan. In September 1859 het daar 'n Hollandse onderwyser op Pretoria gekom, Hendrik Stiemens, en hy het Sondae in die kerkgebou leeskerk gehou. So kon dit nie aangaan nie. Uit die Kaapkolonie kon daar geen tweede predikant vir Transvaal gekry word nie, en daarom het die mense hulle maar weer na Holland gewend om geestelike hulp.

Adriaan Jacob Begemann is op 15 Junie 1831 te Dongen gebore, waar sy vader predikant was. Hy het uit 'n priester-familie gestam, soos hy dit meermale uitgedruk het. Nie alleen was sy vader predikant in die Hervormde Kerk van Nederland nie, maar ook sy een broer, verskillende neefs en kleinneefs, vyf ooms, sy grootvader en verskeie neefs van sy vader en nog meer familielede. Nadat hy die beroep na die Transvaal aangeneem het, is hy op 7 Maart 1860 in die Grote Kerk van die Hervormde Gemeente Den Haag as predikant van Transvaal geordend deur die "Commissie voor die zaken der Protestantsche Kerken in Nederlands Oost en West Indië". Op 24 April het hy uit Nederland met die seilskip Johanna Maria vertrek en op 21 Junie het hy in Tafelbaai aangekom. Op Sondag 24 Junie het hy in die Groot Kerk in Kaapstad die diens vir Dr. S.P. Heyns waargeneem en oor Matteus 18 vers 32, "Al die schuld heb ik u kwijtgescholden", gepreek. En op 30 Junie is hy by die Aktuaris van die Sinode, ds. A. Faure gelegitimeer en nog dieselfde dag het hy sy reis per skip na Natal vervolg waar hy met ossewaens afgehaal is. Langs die pad het hy op verskillende plekke gepreek, o.a. te Utrecht, en op versoek van die kerkrAAD verskeie nuwe belydende lidmate aangeneem en bevestig.

Op 8 Desember het hy in Potchefstroom aangekom waar hy by ds. Van der Hoff tuis gegaan het en die dienste op die 9e en 16e waargeneem het. Op 20 Januarie 1861 het hy saam met ds. Van der Hoff die nagmaal op Rustenburg bedien, waarop hulle saam na Pretoria is waarheen ds. Begemann intussen beroep is. Op Sondag 27 Januarie is hy deur ds. Van der Hoff bevestig. Die opkoms van die gemeente was baie groot. In sy bevestigingsrede het ds. Van der Hoff in herinnering gebring dat die land 'n beskaafde land genoem kon word in vergelyking met 8 jaar gelede toe hy hier aangekom het. Ds. Begemann het die middag sy intreepreek gehou. Maandagmôre was daar volgens die ou gewoonte van daardie dae ook nog weer kerk gehou en het ds. Begemann 'n paar nuwe belydende lidmate bevestig en ongeveer 40 kinders gedoop.

Die pastorie, gebou deur Skinner en Devereux [waar die Paleis van Justisie vandag is] was 'n eenvoudige geboutjie met 'n grasdak en grondvloere, sonder plafon. In dieselfde jaar toe ds. Begemann sy intrek daarin geneem het is 'n veranda aan die voorkant gesit en op die pastorie-erf 'n stal gebou, want die huisbesoek moes te perd geskied.

Ds. Begemann was met sy aankoms in Pretoria nog ongetroud, en is eers op 14 Mei 1862 te Potchefstroom deur ds. Van der Hoff in die huwelik bevestig met mej. Johanna Hermina Goetz. Hy was stip en nougeset, streng in sy optrede en kon geen verkeerdhede verdra nie. Veral teen dronkenskap, iets wat in daardie dae gladnie selsaam was nie, het hy baie skerp gehandel. Hy was 'n goeie prediker en in die eerste jare van sy optrede was die opkomste na die kerk goed en het die aanbou van 'n vleuel aan die kerkgebou nodig geword. Dit het deur die oorspronklike bouers Skinner en Devereux in 1865 geskied, terwyl die mooi trapgeweltjies toe ook aangebring is. In 1876 het Skinner en Devereux die banke vir die kerk gemaak, want voorheen moes iedere kerkganger sy eie stoel saambring. In 1864 het J.H.M. Struben en sy eggenote Catharina Anderson aan die gemeente 'n silwer nagmaalservies geskenk.



Ds. A.J. Begemann en sy vrou Johanna Hermina Goetz [Eng-01 p17].

Die kerkraad het met die kom van ds. Begemann in 1861 bestaan uit ouerlinge J.F. Schutte en P.A. Minnaar, en diakens J.L. Erasmus, P.J. Barnard, H.S. Pretorius en S.A.J. Bothma. In die eerste jare van die bestaan van Pretoria was die Hervormde gemeente die enigste gemeente wat daar was en ds. Begemann was die enigste predikant.

In 1866 het die Gereformeerde gemeente sy eerste predikant gekry in die persoon van N.J.R. Swart. In 1869 is 'n Engelse gemeente (Anglikaans) gestig en is eerw. Joseph Wills as eerste predikant geïnstalleer. 'n Lutherse sendinggemeente is betreklik vroeg begin en in 1870 is 'n Lutherse gemeente gestig met F.C.A. Grünberger as eerste predikant. In 1876 het ds. F. Lion Cachet 'n Nederduitse Gereformeerde Gemeente in die distrik gestig maar dit het klein en kwynend gebly en het nooit 'n eie predikant gehad nie, en ook nie 'n kerkgebou in die dorp nie, maar het alleen 'n klein geboutjie aan die Elandsrivier gehad.

Weier om nagmaal te bedien

Soos reeds opgemerk is, was ds. Begemann baie reguit en streng, maar hy was ook skerp in sy opmerkings, en daarby bepaald nie takvol nie, sodat hy meermale met sy gemeentelede in botsing geraak het. In die jaar 1864 was die geestestoestand in die gemeente nie baie hoog nie en verskillende

personne het met mekaar op gespanne voet gestaan. Op 5 Januarie van daardie jaar het die burgeroorlog wat reeds geruime tyd geheers het, in die distrik Pretoria op 'n gewapende botsing uitgeloop, waarby 'n paar personne gesneuwel het. Dit het onder bepaalde vooraanstaande families verbittering teenoor mekaar veroorsaak. Maar nou het ds. Begemann 'n onverstandige ding gedoen. Met die nagmaalsviering op 2 en 3 Julie het hy sonder raadpleging van die kerkraad op Saterdagmiddag met die voorbereidingsdiens afgekondig dat hy die volgende dag geen avondmaal of doop sou bedien nie, en daarvan sou wag tot die gemeente in woord en daad sou toon dat daar ware godsdiestige belangstelling bestaan. Hierdie ontaktvolle en onkerkregtelike handelswyse, waardeur hy die hele gemeente somaat op eie gesag onder sensuur geplaas het, het 'n opskudding veroorsaak. Verskeie lidmate het by die kerkraad aangedring dat ds. Begemann beweeg moes word om van sy besluit af te sien, en vyf weke later het hy dan ook inderdaad bekend gemaak dat hy weer die sakramente sou bedien. Die skadelike gevolge het egter nie uitgebly nie.

Weier om Volksraad met gebed te open

Die Grondwet het vereis dat die leraar van die Nederduits Hervormde Gemeente die Volksraadsitting met gebed moes open en weer afsluit. Ds. Begemann het by twee geleenthede, nl. in 1964 en 1965, gevra om verskoon te word. Die Volksraad was hieroor baie ontstemd.

Doen 'n gebed om die losie van die Vrymesselaars te open

'n Paar maande later het daar iets gebeur wat die herstel van die breuk baie moeilik gemaak het. In Pretoria was verskillende Vrymesselaars wat byna algar lid van die gemeente was, en ook troue lidmate. President Pretorius self was ook 'n Vrymesselaar. Hulle het 'n nuwe losie gebou en in Augustus ds. Begemann uitgenooi om met die ingebuikneming daarvan 'n passende gebed te kom doen. Alhoewel ds. Begemann self geen Vrymesselaar was nie, het hy tog aan die uitnodiging gehoor gegee. Hierdeur het hy die beswaardes heeltemal van hom vervreem en hulle het hom by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aangekla. Die Kommissie was van oordeel dat hy met die doen van die gebed hom nie strafbaar gemaak het nie, en het die klag van die hand gewys. Die uiteinde van die saak was dat 'n aantal beswaardes die sg. Konsulentsgemeente van Pretoria gestig het met ds. G.W. Smits as predikant.

Tekskritiek

In die begin van 1872 was daar nuwe moeilikheid. Ds. Begemann het die akademiese vraagstuk van tekskritiek in die gemeente gebring. Hy het eers in 'n privaatgesprek en daarna in 'n kerkraadsvergadering gesê dat 1 Johannes V vers 7 later in die Bybel sou ingevoeg wees en daarin nie behoort nie, en net so ook die eerste verse van die agste hoofstuk van die Evangelie van Johannes. En ook "dat men groote oogen zoude opzetten, indien bekend werd wat hij wist". Die kerkraad kon dit nie hierby laat nie en het hom by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aangekla.

Die uiteinde van die saak was dat die Kommissie besluit het om "hare afkeuring te kennen te geven over die woorden, door den Predikant A.J. Begemann gebezigt, en veroordeelt den predikant A.J. Begemann tot een Schorsing van de dienst van drie maande heden af te reken, met verlies van tractement". Daar ds. Begemann van plan was om in elk geval af te tree, het hy onmiddellik die pastorie ontruim en 'n ander woning betrek en

toe die skorsingstyd om was, het hy sy ontslag gevra en sy emeritaat verkry, en op 30 Junie sy afskeid van die gemeente geneem.

Begemann as onderwyser

Die verslag van die skoolkommissie van Pretoria meld dat die Hollandse onderwyser Stiemens in Junie 1870 die diens verlaat het om Goewermannsekretaris te word. Ds. Begemann het toe in die pos waargeneem, maar in 1871 kon hy dit nie langer doen nie en die meeste kinders is toe ingelyf by die Engelse deel van die skool [Lug-01 p85]. (As die feite korrek is was hy toe predikant én onderwyser?)

Hy het tot aan sy dood in Pretoria gewoon en het in die openbare lewe 'n aktiewe rol gespeel. Hy was later die eerste bibliotekaris van die Staatsbiblioek [1887 – 1893] terwyl hy ook baie gedoen het vir die oprigting van die Staatsmeisjesskool in 1884. Hy lê begrawe in die ou kerkhof in Kerkstraat-Wes.

Twee van sy seuns sneuwel tydens die Anglo-Boere-Oorlog, Simon by Sandrivier in Mei 1900 en Frederik by Dundee [Pr-85 p19].



Ds. Begemann en sy familie voor sy huis "Die Ark" in Jacob Maréstraat
ca. 1880 [Tab 529]

Berigte oor ds. Begemann en sy familie in die plaaslike koerante:

- 1861 A.J. Begemann is aangestel as Predikant in Pretoria [S 61-02-08].
- 1864 Ds. A.J. Begemann is gekies as lid van die plaaslike skoolkommissie [S 64-06-14]
 - A.J. Begemann onderteken die skoolverslag [S 64-09-06]
 - Ds. Begemann voltrek die huwelik van S.J. Meintjes in die huis van kapt. Struben [S 64-09-20]
- 1866 Ds. A.J. Begemann woon die Kerkraadsvergadering by [S 66-04-03]
- 1869 A.J. Begemann onderteken die regulasies vir die begraafplaas

- [S 69-03-10]
A.J. Begemann word benoem om onderwysers te eksamineer
[S 69-03-24]
- 1870 A.J. Begemann betaal hoofbelasting van 2 pond [S 70-08-02] (elke volwassene moes jaarliks 1 pond belasting betaal).
- 1871 'n Seun is gebore vir A.J. Begemann en sy vrou J.M. Goetz
[S 71-01-03]
- 1873 Ds. Begemann word gekies as Sekretaris van die Onderwyskommissie
[V 73-09-26]
- 1874 A.J. Begemann onderteken die adres aan O.C. Weeber by sy vertrek uit Pretoria [V 74-07-18]
Sy twee oudste seuns, Simon en Marthinus, ontvang pryse by die prysuitdeling van die Goewermentskool [V 74-03-07]
- 1875 A.J. Begemann word aangestel as seëluitdeler [V 75-01-23]. (Volgens die Staatsalmanak van 1898 was dit die plig van die persoon om boek te hou van alle inkomste uit die verkoop van seëls [Sta-02 p57].)
'n Dogter is gebore op 17 Februarie vir mev. J.H. Begemann (gebore Goetz) [V 75-02-13]
- 1876 Ds. Begemann skenk minerale aan die skool se museum [V 76-10-21] en een van sy seuns skenk insekte en reptiele in spiritus [V 76-10-21]
Ds. Begemann word nou gekies op die Komitee vir die Hoërskool [V 76-05-13]
- 1877 A.J. Begemann word aan Shepstone voorgestel tydens 'n resepsie in die Raadsaal [V 77-05-30]
Dogter gebore vir mev. J.H. Begemann op 14 Maart 1877 [V 77-03-21]
Jak. Begemann ontvang 'n prys by die prysuitdeling van die meisieskool [V 77-11-20] (moontlik Jacobus Carel Christof – klein seuntjies het ook by die meisieskool skoolgegaan)
- 1879 Jacobus Begemann ontvang 'n prys (in die 2de klas) by die skooleksamens [V 79-01-04]
- 1880 A.J. Begemann nomineer H.W.A. Cooper vir Wyk 1 van die Municipale Verkiesing [V 80-10-02]
Die jongste kind van J.S. en E.E. de Vogel [gebore Begemann] is oorlede op 20 September, 11 maande oud [V 80-10-05]
- 1881 Begemann (geen voorletters word genoem) is aangestel as onderwyser in Hollands by St. Birinus Skool [V 81-07-23]
- 1882 Simon Hendrik Antoon Jan Begemann is aangestel as klerk van die Native Commissioner [V 82-01-28]
- 1883 J. Begemann ontvang 'n prys [in die 4de klas] by die skooleksamens [V 83-12-21]
- 1888 Eerste prys word aan B. Begemann toegeken in die eksamen vir die openbare wedstryd vir skole [V 88-11-30]
- 1889 M.A. Begemann word toegelaat om te praktiseer as prokureur, notaris en transportbesorger [V 89-07-01]
-

Uittreksel uit die Begemann geslagsregister, opgestel deur Simon du Plooy

- b1.c4. Johanna Anna Hermina * Paarl 17 Aug. 1840 ~ Paarl 13 Sept. 1840 + Pretoria (Jacob Maréstr. 293) 15 Aug. 1916 x Potchefstroom
N.H. Kerk 14 Mei 1962 Adriaan Jacob BEGEMANN * 15 Jun. 1831 in Nederland - Dongen + 15 Nov. 1925 in Pretoria. Hy was 30 jr en sy 21 jr ten tyde van huwelik). Aankoms uit Utrecht - Nederland 1860. Hervormde leraar te Pretoria 1861-1872. Sy laat na twee gedeeltes van die plaas Cyferfontein asook erf 795 (Pretoria) asook

£268-13-3 kontant.

- b1.c4.d1. Simon Hendrik Anton BEGEMANN *10 Feb. 1863 + 10 Mei 1900.
(In die Ventersdorp begraafplaas is 'n burgermonument ter ere van kommandant Simon Begemann en 4 ander wat tydens ABO II by Sandrivier gesneuwel het (Pienaar P.J. & Le Roux C.J.P: Vrystaat-Fokus - Bl 71).)
- b1.c4.d2. Marthinus Andries BEGEMANN (o.b.a. Marthinus Andreas) *14 Sept. 1864 + Brits 7 Jul. 1948 (84). Woonagtig te Hartebeesfontein No. 4, Hartebeespoort x Mathilda Maud BAKER.
- b1.c4.d3. Frederick Adolf BEGEMANN *16 Jul. 1866 + 21 Oct. 1899
- b1.c4.d4. Andreas Willem BEGEMANN
- b1.c4.d5. Jacobus Karel Christof BEGEMANN
- b1.c4.d6. Anna Johanna BEGEMANN
- b1.c4.d7. Elizabeth Maria Susanna (Bessie) BEGEMANN x Stafford Kinsey GRIFFITHS
- b1.c4.d8. Lutgera Margaretha BEGEMANN
- b1.c4.d9. Godfried Louis Goetz BEGEMANN * ca. 1880 + Pretoria Arcadia Nursing Home 4 Jun. 1931 x Johannesburg Johanna Catharina von MALTITZ.
- b1.c4.d10. Eugenie BEGEMANN + 1885
- b1.c4.d11. Hester Barendina BEGEMANN + 1989

Bronne geraadpleeg

- And-03 Andrews, Tom. 1994. **God's Acre. Church Street Cemetery.**
Arg-09 Breytenbach, J.H. 1951. **Notule van S.A. Rep. Volksraad Deel 5 [1864-1866].** Cape Times Ltd.
Eng-01 Engelbrecht, S.P. [Dr.] 1952. **Eeupees-Album. Pretoria se eerste eeu in beeld.** Pretoria: J.L. van Schaik Beperk.
Eng-03 Engelbrecht, S.P. [Dr.] 1942. **Eeupees-Album. Ned. Herv. Kerk. [1842-1942].** Pretoria.
Eng-04 Engelbrecht, S.P. **Pretoria 1855-1955.** Pretoria: Wallachs' P. & P. Ltd.
Eng-05 Engelbrecht, S.P. 1954. **Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria, 1855-1955.** Kerkraad.
Jep-01 Jeppe, Fred. 1877. **Transvaal Book Almanac and Directory for 1877.** Pretoria: Rep. Staatsbiblioteek.
Lug-01 Lugtenburg, A.H. 1925. **Geschiedenis van die Onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 1836-1900.** Pretoria: J.L. van Schaik Beperk.
Plo-02 Ploeger, Jan. 1994. **Nederlanders in Transvaal [1850-1950].** Pretoria: J.L. van Schaik Beperk.
Pon-0 Pont, A.D. 1980. **Ned. Hervormde Gemeente Pretoria 1855 – 1980.** Pretoria: Gutenberg Boekdrukkers.
Pr-026 Eybers, G.W. 1958. **Die totstandkoming en ontwikkeling van die Staatsbiblioteek in Pretoria.** Pretoriana Nommer 26 & 27, April & Augustus, 1958.
Pr-04 Rex, H.M. 1963. **Historiese Besienswaardighede in en rondom Pretoria.** Pretoriana Nommer 41, April, 1963.
Pr-085 Andrews, T.E. 1984. **Pioneer Sketches.** Pretoriana Nommer 85, Maart, 1984.
Pr-100 Punt, W.P. 1992. **Burgerkomitee vir die bewaring en restourasie van Kerkplein.** Pretoriana Nommer 100, April, 1992.
Sta-02 Kuipers, H. et al. 1898. **Staats-Almanak v d Zuid-Afr. Republiek.** Pretoria: Staatsdrukkerij.

S = Staatskoerant

V = De Volksstem

Groete tot volgende maand, Rosa Swanepoel